Silvertonkruin Gemeenskapskerk

Gewortel in Christus. Vernuwe deur die Gees.

**E-Nuus 5 Augustus 2026**

**Liewe Silvertonkruin-gemeente**

**Gedagte vir die Week**

**"Moenie bang wees nie. Dit is Ek."** – *Matteus 14:27*

Wanneer Petrus sy oë op Jesus gehou het, kon hy op die water loop. Die oomblik toe hy na die storm rondom hom kyk, het hy begin sink. Hoe dikwels gebeur dit nie ook met ons nie? Ons fokus verskuif van die Here na ons omstandighede, vrese en bekommernisse.

Jesus het nie die storm dadelik stilgemaak nie – Hy het eers na sy dissipels toe gekom **in die middel van die storm**. Dit is 'n kragtige herinnering dat God se teenwoordigheid groter is as enige uitdaging wat ons in die gesig staar.

Mag ons hierdie week ons oë op Jesus gevestig hou, met die vertroue dat Hy steeds sê: **"Hou moed! Dit is Ek. Moenie bang wees nie."**

**Program vir die week:**

- **Biduur –** Sondagoggend om 08:00

- **Sondagoggend se Erediens – 09:00**
  Jy word hartlik uitgenooi om Sondag saam met ons die Here te kom aanbid.
  **Ds Van Wyk Fischer** lei die erediens.
  **Matteus 14:22-33 – Moenie bang wees nie, dit is Ek.**

  Kyk ook op youtube:
https://www.youtube.com/watch?v=UgR1hvCGguI

- **Kategese – vind plaas tydens die oggend diens, direk na die Poppekas**

  **Kontak Suzette vir enige navrae: 083 718 8422**

- **Sondagaandgeselsgroep**
  Sondagaande; 17:30
  Kom leer en reis saam!

- **Pannekoek!**

  Deon, Elna, Suzette, Karin en Kotie het Saterdag gebak en dit was volgens hulle weereens vet pret!

  Van wyk het in die kerk se argiewe gaan grou en op die foto van Kotie afgekom. Sy het blykbaar vir Noag uit die ark verwelkom met Silvertonkruin se pannekoeke!!!!



  Sterkte aan Van Wyk, Wilna, Chris, Kotie en Jonanda vir komende Saterdag!

  📞 Vir navrae of om betrokke te raak, kontak asseblief:
  Wilna – 083 501 0451

### Belangrike Datums op ons Gemeentekalender

- **1 tot 31 Augustus - Barmartigheidsmaand / Vrouemaand**
- **9 Augustus – Nasionale Vrouedag**
- **10 Augustus – Publieke vankansiedag**
- **16 Augustus – Nagmaal / kerkraadsvergadering**
- **23 Augustus – Bybelsondag**
- **30 Augustus – Biddag vir Dowes**

## Algemeen:

**'n Vriendelike herinnering 😊**

Ons is baie dankbaar dat ons gemeente uit mense van **alle ouderdomme** bestaan! Daarom is die ruimte agter in die kerk spesiaal ingerig vir gesinne met jong kinders, met inkleur- en ander aktiwiteite om klein handjies besig te hou.

Kinders gaan soms giggel, fluister of 'n bietjie woelig wees – en dit is deel van die vreugde van 'n lewende gemeente. Indien jy 'n stiller plek verkies, nooi ons jou vriendelik uit om nader aan die voorkant van die kerk te sit.

Dankie dat ons saam 'n gemeente kan wees waar almal – van die kleinste tot die oudste – welkom voel en met vreugde die Here kan aanbid.

## Het jy geweet?

### 1. Paulus het Jesus waarskynlik nooit persoonlik tydens sy aardse bediening ontmoet nie.

Alhoewel Paulus een van die grootste figure in die Nuwe Testament is, is daar geen aanduiding dat hy ooit saam met Jesus gewandel of Hom persoonlik voor die kruisiging ontmoet het nie.

- Paulus was 'n Fariseër wat waarskynlik in Jerusalem gestudeer het onder Gamaliel (Handelinge 22:3), en hy kon moontlik in Jerusalem gewees het terwyl Jesus gepreek het.
- Tog noem Paulus nooit 'n persoonlike ontmoeting met Jesus voor die kruisiging nie.
- Sy ontmoeting met Jesus was eers ná die opstanding op die pad na Damaskus (Handelinge 9).
- Daarom beklemtoon Paulus dikwels dat hy sy evangelie **deur openbaring van Christus** ontvang het (Galasiërs 1:11-12), en nie deur die ander apostels nie.

Dit maak Paulus se bediening selfs merkwaardiger—hy het die grootste deel van die Nuwe Testament geskryf sonder om deel van die oorspronklike twaalf dissipels te wees.

---

### 2. Jesus het nooit een enkele boek geskryf nie.

Dit klink vanselfsprekend, maar dit is iets waaraan min mense dink.

Jesus het:

- geen evangelie geskryf nie,
- geen brief geskryf nie,
- geen boek nagelaat nie.

Al wat ons van Hom weet, is opgeteken deur ander mense wat Hom gesien en gehoor het.

Die enigste keer wat ons lees dat Jesus geskryf het, is toe Hy met sy vinger op die grond geskryf het tydens die verhaal van die vrou wat in owerspel betrap is (Johannes 8). Die Bybel sê egter nooit **wat** Hy geskryf het nie.

---

### 3. Noag se ark was nie die grootste skip in die Bybel nie.

Volgens die afmetings in Genesis was die ark ongeveer 135 meter lank. In 1 Konings lees ons egter van reuse skepe wat later deur Israel en sy bondgenote gebruik is. Die ark was wel die grootste **houtskip** wat in die Bybel beskryf word, maar sy doel was nie spoed of handel nie—dit was gebou om te dryf en lewe te bewaar.


**Nuusbrokkie:**

Een van die **mees opwindende en goed gedokumenteerde Bybelse argeologiese ontdekkings van 2026** is die voortgesette opgrawings by die Kerk van die Heilige Graf – die plek wat sedert die vierde eeu tradisioneel as die plek van Jesus se kruisiging en begrafnis vereer word.

## 'n Antieke tuin onder die Kerk van die Heilige Graf







Tydens restourasiewerk het argeoloë onder die vloer van die kerk begin opgrawe. Hulle het iets merkwaardig ontdek:

- Spore van 'n **antieke steengroef** uit die Ystertyd.
- Bewyse dat die gebied later in **'n tuin omskep is**, met oorblyfsels van **druiwe, vye en ander plante**.
- Dit stem opvallend ooreen met **Johannes 19:41**, waar ons lees:

"Daar was 'n tuin op die plek waar Hy gekruisig is, en in die tuin 'n nuwe graf..."

Die hoofargeoloog, professor **Francesca Romana Stasolla** van Sapienza Universiteit van Rome, het gesê die plantoorblyfsels dui daarop dat die gebied inderdaad bewerk is voordat die kerk daar gebou is. Hierdie ontdekking bewys nie die Bybel nie, maar dit pas merkwaardig goed by Johannes se beskrywing.

**God se Woord staan vas.** Elke jaar bring argeologie nuwe ontdekkings wat die historiese wêreld van die Bybel al duideliker laat uitkom. Hoewel ons geloof nie op opgrawings rus nie, is dit bemoedigend om te sien hoe die aarde steeds getuienis aflê van die mense, plekke en gebeure waarvan die Skrif vertel. Dit herinner ons dat ons geloof nie op mites gebou is nie, maar gewortel is in God se werk in die geskiedenis.

**Toets jou Kennis:**

## Die Dissipels

1. Watter dissipel was 'n belastinggaarder voordat Jesus hom geroep het?

2. Watter twee dissipels was broers én vissers?

3. Watter dissipel het gesê: "Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterf"?

4. Watter dissipel het vir Jesus gevra om vir hulle die Vader te wys?

5. Watter dissipel het die sak met die geld gedra?

6. Watter dissipel het eerste vir Jesus na sy opstanding gesien?

7. Wie was die eerste dissipel wat deur Jesus geroep is?

8. Watter dissipel se bynaam beteken "Seun van Vertroosting"?

9. Watter dissipelwas waarskynlik die jongste van die twaalf ?

10. Hoeveel van Jesus se twaalf dissipels het uiteindelik 'n gewelddadige dood gesterf volgens die oudste Christelike oorlewering?

## Bonusvraag ⭐

Watter dissipel het waarskynlik nooit vir Jesus gedurende sy aardse bediening ontmoet nie, maar het later meer boeke van die Nuwe Testament geskryf as enige ander persoon?

**Deel jou bydrae in ons E-nuus**

Ons moedig graag ons gemeente aan om deel te neem aan die inhoud van ons E-nuus. Indien jy enige nuus, getuienis, bemoedigende boodskap of kort stukkie wil deel, is jy baie welkom om dit vir ons aan te stuur.

Jy kan jou bydraes enige tyd rig aan **Doret** by: **admin@silvertonkruin.com**

Ons sien uit daarna om julle stories, getuienisse en hart vir die Here met die res van die gemeente te deel. Saam bou ons mekaar op en getuig ons van God se goedheid in ons midde.

**GEMEENTE WHATSAPP-GROEP**

Indien jy graag op hierdie WhatsApp-groep wil wees, kontak asseblief vir Doret. 079 162 1443

**KERK SE KONTAKBESONDERHEDE**

E-pos: admin@silvertonkruin.com
Telefoonnommer: 079 162 1443
Kantoorure: Weeksdae – 07:00 tot 14:00

Liefde en seën uit die Kerkkantoor